

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I
MEMORANDUM**

Tyd: 3 uur

100 punte

VRAAG 1

MO, DIE GLIMLAGMAGNEET, HET DIEP IN SUID-AFRIKA SE HART GEKRUIP

- | | | |
|------|---|-----|
| 1.1 | Hulle is mal oor hom/hou baie van hom. | (1) |
| 1.2 | 'n Dans. | (1) |
| 1.3 | "gunstelingmeerkat" | (1) |
| 1.4 | om te wen/'n eerste posisie behaal | (1) |
| 1.5 | bal | (1) |
| 1.6 | 1.6.2 dit gaan gou/binne 'n afsienbare tyd gebeur. | (1) |
| 1.7 | "Meerkat – the Way you Move" | (1) |
| 1.8 | Millward Brown Impact | (1) |
| 1.9 | Onwaar. Sy sjarme het hom ook gewild gemaak onder ander groepe mense. | (2) |
| 1.10 | 1.10.1 'n ontluikende mark. | (1) |
| 1.11 | Enige twee: jonk van gees en hart/hou van pret en plesier/wil met nuutste toerusting gesien word. | (2) |
| 1.12 | Vodacom | (1) |
| 1.13 | Hy is nie liefderik/mooi/sag nie – hy is dapper/sonder vrees/braaf. | (1) |
| 1.14 | Mening. | (1) |

16 punte

VRAAG 2

- | | | |
|-----|---|-----|
| 2.1 | Carlton Fillis en Keith Moir | (2) |
| 2.2 | Enige een van die volgende: hoë deinings/stormsee/brandgevaar/
stormweer of UV-sonstrale | (1) |
| 2.3 | 30 Desember | (1) |
| 2.4 | Kaapstad | (1) |
| 2.5 | Sonnig en deels bewolk | (2) |
| 2.6 | Motreën is 'n sagte reën. Donderbui is 'n harde reënbui wat ook 'n donderstorm insluit. | (2) |

9 punte

VRAAG 3

- 3.1 Maklik (1)
- 3.2 'n Speletjie wat kinders speel. (1)
- 3.3 Om aanlyn-transaksies te doen. (1)
- 3.4 Herhaling van "gratis". (1)
- 3.5 Enige een: Groot skets as fokuspunt/kring om skets en pyl. (1)

5 punte

VRAAG 4

- 4.1 Hulle vertel graag van hulle duur motors en dra groot en baie juwele.
- 4.2 Sy gaan gereeld gim toe en dra 'n mini-rok wat haar bene beklemtoon.
- 4.3 Hulle gesels nie verder met jou as hulle uitvind jy is nie geleerd nie.
- 4.4 Hulle wys hulle duur toerusting af en weet altyd watter geluide sekere diere maak.
- 4.5 Hulle maak nie hoender op 'n gewone manier gaar nie, maar maak 'n Coq au Vin en quiches in plaas van souttert.
- 4.6 Hulle vertel heeltyd van hulle oorsese reise en het baie aandenkings.
- 4.7 Hulle koop duur items soos rekenaars, musieksentrums en selfone vir hulle kinders om self status te kry.

Sinne/Feite korrek	Taalpunt(e)
Geen sin korrek nie	Maksimum taalpunt: 0
Een tot twee sinne korrek	Maksimum taalpunt: 1
Drie en meer sinne korrek	Maksimum taalpunte: 2

Skryf- en spelfoute word nie gepeenaliseer nie.
 Taalfoute word net in korrekte sinne gepeenaliseer.
 Kandidate word net een keer vir elke soort fout gepeenaliseer.

Direkte aanhalings/nie eie sinne nie	Taalpunt(e)
Twee direkte aanhalings	Maksimum taalpunt: 1
Drie en meer direkte aanhalings	Maksimum taalpunt: 0

10 punte

VRAAG 5

- 5.1 Peogot (1)
- 5.2 Vyf/met/deur ... Beklemtoon aantal fietsryers/wat hulle by hulle het/hoe hulle ry (Hoef slegs EEN te noem) (2)
- 5.3 Sy rugwerwels staan uit/lyk soos konakwaberge. (2)
- 5.3 "geritsel van fietswiele" (1)
- 5.5 Begin by Salisbury – eindig by Malmesbury/Riebeeckkasteel (2)
- 5.6 Het nooit weer van hom gehoor of hom gesien nie. (1)
- 5.7 Mooi/dromerig/mooi glimlag (1)

10 punte

VRAAG 6

- 6.1 Enige twee: bedelaars/pendelaars/hoere/straatkind (2)
- 6.2 "Eenkant by vullisdromme." "Sy skouers soos 'n heining" ('n mens kruip weg agter 'n heining). (2)
- 6.3.1 Enige een: "het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof'/"soos van ou mans met klam monde op parkbankies"/"kras soos kraaie". (1)
- 6.3.2 "waar bome onder die skril bevel van sae steun"/ "en 'n toegepleisterde wêreld op die sypaadjie laat bloei" (1)
- 6.4 Natuur/bome word vernietig/afgekap
Diere vir eksperimente gebruik
Diere geslag sodat mense die vleis kan eet (Enige twee) (2)
- 6.5 Eie antwoord. Bv. sy moet iets doen om van die wêreld 'n beter plek te maak./ Sy kan nie ongevoelig teenoor die wêreld se probleme staan nie. (2)

10 punte**VRAAG 7**

- 7.1 Straatkind langs pad by vullisdromme. Boemelaars oorkant spoorlyn, langs hawe. (2)
- 7.2 Enige twee: Hawe, vlakwater, seiljagte. (2)
- 7.3 Enige twee: Boemelaars (meervoud), hulle, Die leier. (2)
- 7.4 In 'n woonstel. (1)
- 7.5 Hulle slaap in die buitelug. (1)
- 7.6 "Straatkind": Die wêreld bloei en kry seer/bome en diere kry seer.
"Oorkant die spoorlyn": 'n vrou se seer is toegedraai in kaftans en tjalties (sy steek haar seer weg) (2)

10 punte**VRAAG 8**

- 8.1 Enige voegwoord wat betekenisvol is in die sin.
Bv. Pietie het 'n blink toekoms; dus reageer hy baie goed op ons aanmoediging. (1)
- 8.2 reaksie (1)
- 8.3 vinnigste (½)
- 8.4 plaas (½)
- 8.5 8.5.1 aan
8.5.2 ten (1)

4 punte**VRAAG 9**

- 9.1 Maandag, 22 Januarie het Benjamin in die wielruim van 'n British Airways-vliegtuig op die Kaapstadse Internasionale Lughawe geklim. (1)
- 9.2 Hulle het sy lyk met 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument in Los Angeles gevind/In Los Angeles met 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument gevind. (1)
- 9.3 kilometer per uur (1)
- 9.4 linkerkantse (1)
- 9.5 Benjamin sal by die regterkantse hoofwielruim inklim. (1)

5 punte

VRAAG 10

- 10.1 Die eerste slagoffer sê dat hy na veilige strate verlang. (1)
10.2 veilig (1)
10.3 misdadiger/gevangene
10.4 10.4.1 mussie
10.4.2 oë (1/2 elk) (1)
10.5 10.5.1 op
10.5.2 doodbang (2)
10.6 spore (1)

7 punte**VRAAG 11**

- 11.1 Daar word moeilikheid voorspel. (1)
11.2 Swerms (1)
11.3 11.3.1 Ek (1)
11.3.2 wil, moet (1)
11.4 Maar voor jy 'n tiener kan verstaan, behoort jy eers te verstaan waarom hulle jou nie kan verstaan nie. (1)
11.5 11.5.1 In die verlede kon tieners nie verstaan waarom grootmense so baie van stilte hou nie. (1)
11.5.2 Wat kan tieners nie verstaan nie? (1)
11.6 11.6.1 ontdekking (1)
11.6.2 begryp (1)
11.7 Hoe is dit moontlik om geld uit swaartekrag te maak? (1)
11.8 Eintlik dink ek glad nie tieners voel diep seergemaak omdat ons nie hul musiek verstaan nie. (1)
11.9 Gee meer inligting/verduidelik iets. (1)

12 punte**VRAAG 12**

Die vrou dra altyd kos aan/werk in die kombuis
Die man ontspan voor die televisie (vernaamlik 'n sport soos rugby).

2 punte**Totaal: 100 punte**